1.3 Goudbruin, krakerig en geurig: Die kandidaat span al sy/haar sintuie in om iets kulinêr te **beskryf.** Indien die skryfstuk handel oor 'n verhaal van 'n koservaring, word dit 'n **verhalende** opstel. Hoekom kos altyd die sintuie moet aanspreek, kan slaag as 'n **bespiegelende** opstel. Die belangrikheid/invloed van kosprogramme op TV kan **beredeneer** word. **[50]**

1.4 **Onthou: Die inleidingsparagraaf maak nie deel van die lengte uit nie.**
Die volgelaaide bakkie brul berguit ... Hierdie inleiding leen hom tot verskeie moontlikhede nl. **verhalend**, **bespiegelend** of **argumenterend**. 'n **Verhaal** sal fokus op 'n vakansie/uitstappie wat positief/negatief afgeloop het. By 'n **bespiegelende** interpretasie kan die kandidaat die wenslikheid van vakansies al dan nie bepeins. Indien die kandidaat skryf dat goedkoper vakansies beter as eksotiese, duur vakansies is, kan dit as **argumenterende** opstel aanvaar word. **[50]**

1.5 Wie sou die ware swerwer wees; ..: In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat fokus op die lewensverhaal/swerftog van 'n swerwer. In 'n **beskrywende** opstel sal die belewenisse, emosies en/of verlangens van 'n swerwer onder die vergrootglas geplaas word. Wanneer **beredeneer/geargumenteer** word oor die onderwerp, sal die kandidaat (moontlik) fokus op die waarde van reis teenoor die waarde van lees. Wanneer die kandidaat peins oor die eienskappe van swerwers/van 'n swerwersbestaan, kan dit slaag as **bespiegelende** opstel. **[50]**

1.6.1 Boeke: Hierdie onderwerp leen hom tot **verhalende**, **bespiegelende**, **beskrywende**, **beredeneerde** en **argumenterende** skryfstukke. Moontlikhede: 'n **Verhaal** kan handel oor 'n boek/koerant (vgl. Rapport op die boonste boek) wat as geskenk ontvang is. As **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die waarde van boeke/koerante. Die leser se emosies, gedagtes, herinneringe na aanleiding van boeke, of verskillende boeke wat die kandidaat geraak het, kan **beskryf** word. Die kandidaat kan ook **beredeneer/argumenteer** dat e-boeke belangriker is as die tradisionele boeke/koerante, of andersom. **[50]**

1.6.2 Ou vrou: In 'n **bespiegelende** skryfstuk kan daar oor die rol/nut van senior burgers in die samelewing bespiegel word. Die opstel kan ook **beskrywend** aangebied word wanneer die kandidaat skryf oor die vreugdes van oumas/vrouens/ma-wees. As 'n **verhaal** kan dit fokus op die soeke na 'n bepaalde vrou wat jou lewensprentjie sal voltooi. **Argumenterende/beredeneerde** aanbiedings kan fokus op die versorging van oumense in ouetehuise of by families. **[50]**

1.6.3 Padpredikante: Die kandidaat kan oor 'n reis/vakansie wat onderneem is, 'n **beskrywende** skryfstuk aanbied. Dié reis kan ook 'n verbeeldingsreis wees. Daar kan ook **bespiegel** word oor die lewensreis wat die mens onderneem. Die tema kan ook as reisverhaal/**verhalende** opstel aangebied word. Indien die onderwerp **argumenterend/beredeneerd** aangebied word, kan die waarde van reise/vakansies onder die loep geneem word. Die kandidaat kan ook skryf **(verhalend/beskrywend)** oor ervarings op die plaas Kruisfontein en/of Hartebeesbult. Die opstel kan ook oor keuses handel. **[50]**

